#11

MEDIUM

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 5/10
**Vaardigheidsvlak** 5/10
**Tyd nodig** ± 4 uur plus droogtyd (oornag)



# Vir 'n blou troon ...

Kies 'n keiserlike kleur en kikker daardie vaal, verbleikte stoepkussings op.

*Deur* **Dale Niehaus** • *Foto's* **Francois Oberholster en Dale Niehaus**

**PROJEKNOTAS**

- Die verf word taamlik gou droog, maar laat genoeg tyd toe dat die binnekant (spons) ook heeltemal droog is voordat jy op die kussings sit – liefs oornag.
- Annie Sloan Chalk Paint is van nature 'n dikker verf en wanneer dit verdun word, wend dit baie makliker aan, veral op materiaal.
- Tekstiel absorbeer die verf makliker wanneer dit nat is.

## Wat jy nodig het


**INKOPIELYS**
- Annie Sloan-verf in die kleur Napoleonic Blue
- Annie Sloan Clear Wax

**GEREEDSKAP**
- Anne Sloan Chalk Paint-kwas
- sproeibottel vir water
- lappie om die was aan te wend

**VOOR JY BEGIN** Verdun die verf met water (omtrent 2 dele verf tot 1 deel water) sodat dit 'n maklik vloeibare mengsel is, maar nie te loperig nie. Roer goed.

**Wenk** 'n Ronde Annie Sloan-verfkwas vergemaklik verfwerk op materiaal. Dié kwaste pas perfek in jou hand, wat beteken dit hanteer makliker as 'n gewone kwas.

## Só maak jy ...










**1** Gebruik 'n sproeibottel en benat die oppervlak, maar moenie die hele kussing op een slag natmaak nie – werk in seksies, byvoorbeeld eers die bokant of eers 'n sykant. Wend nou die verf aan, ook in seksies. Maak net seker jy verf telkens die hele seksie, byvoorbeeld die hele bokant of sykant. **Wenk** Verf sommer 'n paar kussings se bokante op 'n slag. Teen die tyd dat al die bokante geverf is, kan jy begin met 'n volgende seksie van die eerste kussing. Maak net seker die oppervlak voel droog as jy daaraan vat.

**2** Wag totdat die verf droog is voordat jy 'n tweede laag aanwend. Wanneer jy 'n donker kleur soos Napoleonic Blue gebruik, is 'n tweede laag verf dikwels nie nodig nie. Dit sal net nodig wees indien die eerste laag nie eweredig aangewend is nie – maar dit sal jy eers sien wanneer die verf goed droog is. Onthou, dis nie nodig om die geverfde oppervlak weer nat te maak vir die tweede laag verf nie.

**3** Laat die verf heeltemal droog word voor jy die Clear Wax aanwend. Gebruik 'n lappie en vryf die was liggies op. Werk weereens in seksies om kolle te vermy.










**KONTAK Dale Niehaus** 083 446 9984, facebook.com/chiselandchalk

**[V&A MET ANNIE SLOAN]**



**V: Kan 'n mens Annie Sloan-verf op enige tekstiel gebruik?**
Ons het ons verf al op verskeie soorte lap getoets – ook fluweel – en het nog geen probleme ondervind nie.

**V: Sou jy mense aanraai om Annie Sloan-verf vir selfdoenprojekte met lap te gebruik?**
Ons kan dit beslis aanbeveel. Jy kan Annie Sloan direk op die lap verf, of die lap in verdunde verf doop vir 'n subtieler kleur.

**V: Moet jy water by die verf voeg as jy lap daarmee wil verf?**
Ja, nie net omdat dit makliker aanwend nie, maar dit keer ook dat klonte in die verf vorm.

**V: Moet jy die projek met was afrond?**
Nee, dis nie nodig nie; as die verf eers droog is, sal dit nie op jou klere afgee nie. Maar gebruik gerus was vir 'n sagte, leeragtige voorkoms. Moet net nie fluweel met was seël nie.

**KONTAK** anniesloansa.co.za